

15

JOSEF SE VERHAAL

Kom ons vergewe mekaar

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet leer dat ons almal foute maak, maar dat ons mekaar moet vergewe.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- God lief was vir Josef.
- Josef daarom bereid was om sy broers lief te hê en te vergewe.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat God hulle vergewe.
- bereid wees om ander te vergewe.
- erken dat hulle ook foute het.
- bereid wees om ander se foute te vergewe.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- met iemand gesels oor voorbeelde in hul lewe waar hulle iemand vergewe het, of behoort te vergewe.
- in staat wees om die verhaal te vertel.

MEER INLIGTING (Genesis 45)

Die verhaal van Josef is te lank om alles te vertel. Hieronder volg die hooftrekke soos dit aan die kinders vertel kan word.

Ons lees in die Bybel van Jakob wat 12 seuns gehad het. Een van daardie seuns se naam was Josef. Josef was sy pa se witbroodjie. Dit beteken Jakob was liewer vir Josef as vir sy ander seuns. Eendag het hy vir Josef 'n nuwe kleed gegee (prentjie 1), 'n pragtige lang kleed met moue. Josef se ouer broers was baie kwaad, want hulle het nie sulke klere gekry nie. Hulle was jaloers en het niks van hom gehou nie.

Daarna het Josef gedroom dat hy 'n koning gaan wees. Sy pa en al sy broers gaan dan voor hom neerkniel (prentjie 2). Toe Josef dit vir hulle vertel, was sy broers baie kwaad. Hoe kan hy sê hulle gaan voor hom buig? Hulle het toe vir mekaar gesê: *Kom ons raak ontslae van hierdie boetie van ons. Dan kan Pa hom nie meer voortrek nie. Ons sal ook nie meer van al sy drome hoor nie.*

Nie lank daarna nie, het hul kans gekom. Hulle het ver van die huis af die skape en bokke opgepas. Josef se pa stuur hom toe om vir hulle kos te vat. Toe hy by hulle kom, gryp hulle hom en wou hom doodmaak. Ruben sê toe hulle moet hom liewer in 'n droë put gooi (prentjie 3). Ruben wou hom skelmpies gaan uithaal en terugstuur huis toe. 'n Put is 'n baie diep gat wat hulle gegrawe het om water te kry.

Maar toe kom daar intussen mense verby wat allerhande goed koop en verkoop. Sulke mense is handelaars. Hulle het ook mense gekoop en van hulle slawe gemaak. Slawe is mense wat baie hard vir iemand anders moes werk sonder om daarvoor betaal te word. Sy broers het vir Josef toe weer uit die put uitgehaal en aan die handelaars verkoop as 'n slaaf (prentjie 4).

Nou was die broers ontslae van Josef. Gelukkig het hulle hom darem nie doodgemaak nie. Maar wat gaan hulle vir hul arme pa sê? Hy was dan so lief vir Josef. *Kom ons vertel hom 'n roofdier het Josef gevang en opgeëet*, besluit hulle. Jakob was baie hartseer toe hy dit hoor.

In Egipte het Josef 'n slaaf geword in Potifar se huis. Hy was 'n goeie slaaf en het hard gewerk. Maar Potifar se vrou het kwaad geword vir hom. Toe jok sy vir die mense en laat hulle dink Josef is 'n slegte slaaf. Hulle gooi hom in die tronk, waar almal van hom vergeet het.

Arme Josef, daar sit hy in die tronk (prentjie 5), sonder dat hy iets verkeerd gedoen het! En hulle het van hom vergeet, hy kan dalk die res van sy lewe in die tronk sit! Maar God het nie van hom vergeet nie.

Eendag word die farao, dit is Egipte se koning, se bakker en skinker saam met Josef in die tronk gegooi. Daardie nag droom die bakker en die skinker elkeen 'n snaakse droom. Hulle het dit glad nie verstaan nie en vertel toe vir Josef van hul drome. Josef het drome baie goed geken, want God het hom gehelp om dit te verstaan. Hy kon toe ook vir die twee manne vertel wat hul droom beteken. Die volgende dag het die farao hulle weer uitgehaal uit die tronk uit, net soos Josef gesê het. Josef het in die tronk gebly.

Maar toe het almal weer van Josef vergeet. Lank daarna droom die farao ook 'n snaakse droom. Niemand kon vir hom vertel wat dit beteken nie. Toe onthou die skinker, wat steeds die farao se wyn geskink en aangegee het, van Josef in die tronk. Hy sê vir die farao: *Ek ken iemand wat vir u kan sê wat die droom beteken. Dit is Josef wat in die tronk is.* Die farao laat Josef dadelik haal en vertel vir hom sy droom.

Josef sê vir die farao (prentjie 6): *U Majesteit, die droom beteken dit gaan vir sewe jaar baie goed gaan in ons land. Ons gaan goeie reën kry en goeie oeste. Maar dan gaan daar sewe slegte jare kom, en dit gaan baie droog wees. Dit gaan glad nie reën nie en daar gaan niks kos op die lande wees nie.*

Dit is slegte nuus, sê die farao. Wat kan ons doen, Josef? Josef maak toe 'n goeie plan. In die sewe goeie jare moet hulle soveel moontlik van die graan in skure bêre. As die droogte kom, het hulle genoeg kos in die skure en niemand sal doodgaan van die honger nie! Hulle kan dan selfs kos verkoop aan mense van ander lande wat nie meer kos het nie.

Die farao was so bly oor Josef se goeie plan, dat hy Josef aangestel het in 'n baie belangrike posisie. Josef moes sorg dat skure gebou word en dat al die ekstra kos gebêre word. Almal in die land moes na Josef luister.

Na sewe jaar het die droogte aangebreek, maar in Egipte het almal kos gehad. Ver van hulle af, het Josef se pa en broers baie swaar gekry. Hul kos het opgeraak. Josef se pa stuur toe sy broers na Egipte om te gaan kos koop. Daar kom hulle by hierdie belangrike man in Egipte. Hulle het nie geweet dit is hul broer Josef nie, en hulle buig voor die belangrike man.

So het Josef se droom uit sy kinderjare waar geword – sy broers het voor hom gebuig (prentjie 7). Josef het eers stilgebly en nie gesê wie hy is nie. Naderhand kon hy dit nie meer hou nie.

Hy omhels hulle en sê: *Ek is jul broer Josef. Julle het my aan die Egiptenaars verkoop. Maar moenie sleg voel nie, ek is nie kwaad vir julle nie. Ek weet vandag God het my gebruik sodat ek jul lewens kon red. Want as ons nie vir julle kos gehad het nie, sou julle doodgegaan het van die honger.*

Is dit nie wonderlik nie? Omdat Josef God vertrou het, het hy ingesien hoe God al die slegte dinge wat met hom gebeur het, omgedraai het in iets wat goed is. Daarom was hy bereid om sy broers te vergewe, al het hulle so 'n lelike ding aan hom gedoen. Want as ons God se kinders is, dan moet ons ook bereid wees om mense te vergewe wat lelik met ons gemaak het.

AANBIEDING

Jy het nodig

Die sewe prentjies in jou boek wat jy gereed kan kry vir 'n dataprojektor of uitdruk om op 'n blaai bord te vertoon, een prentjie op 'n slag.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat hulle in hul boeke blaai na Les 8. Voer gesprek en vind uit of hulle met hul ouers gesels het oor die onderstaande wat elke gesin moes doen.

- Het hulle vir hul ouers gaan vertel wat kinders van die Here op Sondag doen?
- Het hulle as gesin onderneem om –
 - elke Sondag kerk toe te gaan as iets ernstig hulle nie keer nie?
 - iemand wat hulle ken wat siek is elke Sondag te help en hul dankoffer by die kerk te gee om mense te help wat moeilikheid het?
 - Sondag ook goed te rus?
- Kontroleer of hulle nog Markus 12: 30 kan voltooi: *Jy moet die Here jou God liefhê met (jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag).*
- Gesels oor wat hierdie teks beteken:
 - *Hele hart* beteken hoe hulle in hul harte voel.
 - *Hele siel* beteken met alles wat hulle elke dag doen en alles wat met hul hele lewe te doen het.
 - *Hele verstand* beteken met alles wat hulle dink, moet hulle dink om aan die Here gehoorsaam te wees.
 - *Al hulle krag* beteken hulle moet al hul krag en energie gebruik om die Here te dien.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Weet julle wat dit beteken om iemand te vergewe? Wie kan my vertel?
- Gesels met hulle oor die vraag of hulle al baie kwaad vir iemand was, iemand wat hulle seergemaak het of lelik was met hulle. Kon hulle daardie persoon vergewe? Dink hulle dit is nodig om te vergewe?
- Vandag gaan ons kyk wat die Bybel daaroor sê. Ons gaan kyk na die verhaal van Josef. Ken julle vir Josef?

IETS INTERESSANT

Gebruik die inhoud by MEER INLIGTING om die verhaal te vertel.

IETS BELANGRIK

- Vra die volgende vrae om die feite van die gebeure in te skerp:
 - Wat was Josef se pa se naam? (*Jakob.*)
 - Hoeveel seuns het Josef se pa gehad? (*12.*)
 - Wat het hy vir Josef gemaak, waaroor sy broers so jaloers was? (*'n Pragtige lang kleed met moue.*)
 - Waarin het Josef se broers hom gegooi? (*In 'n put.*)
 - Aan wie het hulle hom verkoop? (*Aan handelaars, dit is mense wat allerhande goed koop.*)
 - Wat het die farao se droom beteken? (*Daar gaan sewe goeie jare kom met baie reën, en daarna sewe slegte jare met min reën.*)

- Josef kon sy broers doodgemaak het as hy wou. Maar hy het nie. Wat het hy gedoen? (*Hy het hulle vergewe.*)
- Beklemtoon die volgende:
 - Ons almal maak foute in ons lewe. As ek stout was, en ek sê vir Pappa of Mamma ek is jammer, wil ek mos graag hê hulle moet my vergewe. Daarom moet ek ook iemand vergewe wat lelik was met my.
 - God vergewe ons al ons sondes, daarom moet ons ook maatjies vergewe vir wie ons kwaad is.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle weer een vir een na die prentjies kyk en vertel wat daar gebeur het.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle –

- vir iemand by die huis gaan vertel van Josef.
- gaan dink of daar iemand is vir wie hulle kwaad is, wat hulle seergemaak het of wat lelik was met hulle, wat hulle moet vergewe.
- hom of haar gaan vergewe.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Josef se pa was Jakob.
- Jakob het 12 seuns gehad.
- Josef se pa het vir hom 'n mooi kleed gegee waaroor sy broers baie jaloers was.
- Josef se broers het hom in 'n put gegooi.
- Sy broers het hom aan handelaars verkoop.
- Die handelaars het hom weer in Egipte gaan verkoop.
- Josef het die farao se droom uitgelê.
- Josef het baie koring gespaar toe daar sewe goeie jare was.
- Sy broers het ook kom koring koop.
- Josef het sy broers vergewe en hulle in Egipte laat woon.
- God is so lief vir ons, dat Hy ons altyd vergewe.
- Vergewe beteken –
 - om op te hou om vir iemand kwaad te wees.
 - om op te hou dink aan iemand wat jou seergemaak het.
- Ons moet mekaar ook vergewe.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 284: 1 en 3 te lees as gebed of dit saam te sing. Verduidelik eers die moeilike woorde.


*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.*

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*


*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.*

Belangrik vir volgende week:


- Reël met hulle om jou volgende Sondag voor die erediens voor die kerk te ontmoet.
- Laat hulle saam met jou in die kerk gaan sit.
- Sê vooraf vir hulle dat hulle mooi moet luister waaroor die dominee preek.
- Daar kan ook met die dominee gereël word om besonder kindvriendelik te preek.




Josef en sy nuwe kled



**Josef droom dat sy pa en broers
voor hom kniel**



Josef in die put



Verkoop as slaaf



Josef in die tronk



Josef se broers buig voor hom



Josef praat met die Farao